



## HEILIGE DRIE-EENHEID SONDAG

Vandag vier ons die wonderbare geheimenis van God-met-ons.

Van Jesus leer ons dat ons GodVader mag noem.

Jesus self is God-met-ons, die Menseseun,  
en deur die Gees weet ons dat ons familie is  
van die Vader, Seun en Heilige Gees.

As ons onself laat lei deur die Gees van God,  
dan is ons kinders van God.

Dan durf ons uitroep: “Abba, Vader!”

Hierdie ryk erfenis van ons geloof  
mag ons nie vir onself hou nie.

As ons kinders van God is  
dan moet ons ook lewe soos kinders van God,  
en dan moet ons bereid wees om voor die hele wêreld  
daarvan getuienis af te lê  
van ons geloof in die Vader, die Seun en in die Heilige Gees